21 Julie 2022

Liewe ouers

Ek hoop julle het 'n welverdiende, wonderlike vakansie saam met julle kinders geniet! Ons is baie opgewonde om die nuwe kwartaal met verskeie aktiwiteite aan te pak.
Hier by Lumiére bly ons hooffokus op akademie, veral met die Gr. 7 leerders wat streef om spesifieke hoërskole by te woon volgende jaar.

Neem asb kennis van die volgende:

1. SKOOLFONDS

Baie dankie aan alle ouers wat gereelde betalings maak. Onthou asb dat dit jou eie verantwoordelikheid is om bewyse van betaling te hou in die geval van rekeningnavrae.

Indien u enige navrae tov skoolfonds het, kontak gerus die finansiële kantoor.

Daar is 'n kaartmasjien beskikbaar in die kantoor vir betalings.

Dit is nog steeds die ouers se verantwoordelikheid om betalings te bevestig indien dit gemaak word deur 'n ander party. Dit is onmoontlik om betalings aan spesifieke rekeninge te koppel waar verkeerde verwysings en geen bewys van betaling gebruik word. Alle uitstaande rekeninge moet oorgegee word aan die prokureurs vir invordering dus is dit noodsaaklik dat die regte procedure gevolg word wanneer betalings gemaak word.

2. AANSOEKE

Aansoeke vir Gr R en 1 is nou oop. Volgens ons toelatingsbeleid word daar voorkeur gegee aan broers en susters van huidige Lumie leerders.

Aansoekvorms is beskikbaar in die kantoor sowel as op ons webtuiste.

3. NETHEID VAN ONS LEERDERS

Ek kan duidelik 'n verskil sien tov netheid by ons leerders. Let daarop dat leerders selfs na skool altyd netjies moet lyk. Leerders mag nie gemengde skooldrag dra nie. Kom ons help ons kinders om trots te bevorder.

U sal baie ingenome wees met al die komplimente wat ons ontvang ten opsigte van ons leerders se netheid en goeie maniere!

Uitstekend Lumies!

4. BELANGRIKE DATUMS

DATUMS	AKTIWITEIT	INLIGTING
21/07	Oueraand	17:00 - 19:00 - Slegs op uitnodiging
22/07	Lumiére Opedag	15:00-17:00
22/07	"Six-a-side" Hokkie	Emfuleni LS
26/07 - 28/07	o/11 en o/13 Fezile Dabi Krieketproewe	Inligting sal volg
25/07	Finansiële Kommittee vergadering BL vergadering	17:00 18:00
27/07 - 28/07	"Robotics"	Gekose leerders
30/07	Fonteine Hokkiedag	Inligting sal volg
08/08 - 09/08	Publieke vakansiedag	Beide dae
10/08	o/13 Krieket vs Noordskool	@ Lumiére
11/08	o/11 Krieket vs Noordskool	@ Lumiére
13/08	Minihokkie	Noordskool
15/08	Hokkie C/D	Noordskool
16/08	o/13 Krieket vs Heilbron	@ Lumiére
18/08	o/11 Krieket vs Heilbron	@ Lumiére
20/08	Lumiére minihokkiedag	@ Lumiére
22/08 - 26/08	Mid termyn verslae	Inligting sal volg
23/08	o/13 Krieket vs Leeuwspruit	@ Leeuwspruit
25/08	o/11 Krieket vs Leeuwspruit	@ leeuwspruit
27/08	Parys minihokkiedag	@ Parys
30/08	o/13 Krieket vs AJ Jacobs	@ Lumiére
01/09	o/11 Krieket vs AJ Jacobs	@ Lumiére
06/09	o/13 Krieket vs Deneysville	@ Lumiére
07/09	Mini Krieket	Inligting sal volg
08/09	o/11 Krieket vs Deneysville	@ Lumiére
11/09	Krieket finale o/13+o/11	Inligting sal volg
19/09 - 22/09	Toetsweek	Inligting sal volg
23/09	Fietswedren	Inligting sal volg
26/09 - 28/09	Konsert	Inligting sal volg
30/09	Skool sluit	10:00
30/09	Vrystaat krieketproewe	Inligting sal volg
11/10	Skool heropen	08:00

****Alle hokkiedatums van liga wedstryde sal volgende week uitgaan.**

5. AKADEMIE

Sal ouers ons asb help ten opsigte van die volgende:

- Maak seker u kind het 'n dagboek en dat hulle dit gebruik.
- Maak seker dat u kind se huiswerk daagliks gedoen word.
- Maak seker dat u kind die nodige skryfbehoeftes het.
- Kyk gereeld na u kind se boeke en teken hulle.
- Laat u kind soveel as moontlik lees – daar is boeke beskikbaar in die skool se biblioteek.
- Oefen basiese berekeninge: maaltafels, deel, optel en aftrek.

6. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Ons sportspanne het uitstekend gevaar verlede kwartaal. Baie geluk aan alle ouers, leerders en afrigters!
Krieket en hokkie begin hierdie kwartaal. Baie sterkte aan alle spanne.

Baie baie dankie aan al ons ouers wat ons spanne altyd so toegewyd ondersteun – julle maak ons trots!!!

7. MERK VAN SKOOLKLERE

Maak asb seker dat alle skoolklere duidelik gemerk word. Leerders laat lê klere oral op die terrein en so word dit nooit weer gevind as dit nie gemerk is nie.
Maak ook seker dat leerders die skooldragkode volg en slegs die klere en bykomstighede aantrek wat toelaatbaar is.

8. KONSERT

Ons is baie opgewonde om weer die geleentheid te hê om 'n konsert aan te bied. Leerders begin volgende week gedurende skoolure oefen.
Ons sien ongelooflik baie uit en is seker dit gaan 'n reuse sukses wees.

Kaartjies sal vanaf Maandag, 25 Julie 2022, beskikbaar wees.

9. IETS NUUTS

Die volgende kan voor begroot word vir kwartaal 3:

- Skoolfonds: Julie, Augustus and September
- Konsertkaartjies: R50 pp
- Konsertklere: Inligting sal volg
- Konsert kospakkies: 3 Aande @ R50 elk
- Fietswedren: R160
- Fietswedren kospakkie: R50
- Rugbyraai: R100

Baie sterkte aan almal vir hierdie kwartaal en kom ons geniet al die opkomende verrigtinge!

LUMIE groete

Lihan Kriel
Skoolhoof